

11 Oktober

Skrifgedeelte: Lukas 10:25-37

Fokusgedeelte: Lukas 10:31b, 33b

Vir wie is jy 'n naaste?

Wie is my naaste? Ons wil so graag hê iemand moet aan óns vereistes voldoen voordat ons hom as ons naaste beskou. Jesus wil hê dat ons gesindheid verander. Ons moet vra vir wie óns 'n naaste kan wees en van ons troontjie af klim en begin dien!

Jy is eers 'n naaste wanneer jy iemand in sy nood ontmoet en jou hart deur sy of haar ellende aangeraak word! Die Here reël elke dag sulke ontmoetings. Die vraag is net of jy na die persoon uitreik en hom bereik.

'n Priester en 'n Leviet (kerkmense) is op pad huis toe met die gevaarlike Jerigo hoofweg. Hulle is teoreties die regte persone op die regte plek om hul oor 'n traumaslagoffer te ontferm. Uit kerkmense wat soveel barmhartigheid in Christus ontvang het, behoort die grootste ontfermende liefde soos 'n onuitputlike fontein te vloei. Hier ontwyk hulle egter hul roeping om 'n naaste te wees vir dié in nood! Hoewel hierdie kerkmense "wettige verskonings" aanvoer, is die eintlike rede 'n yskoue, ongevoelige hart vir die nood van ander. Die buitekerklike, 'n veragte Samaritaan, is egter aangegryp deur die nood van die onbekende traumaslagoffer! Hy offer alles op: sy rydier, sy besige program en sy geld. Dit doen hy alles net om hierdie man in sy nood te help! Hy skuif nie sy verantwoordelikheid op ander af nie! Wat 'n beskamende voorbeeld vir elke kerkganger! Die wetsgeleerde vra (vers 25): "Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?" Hy moet nog 'n lang pad van bekering en geloofsgroei deur die Heilige Gees en die Woord stap.

Hoe ver is jy, begenadigde kerkmens, op hierdie pad?

Sing: Skrifberyming 21:1,5,6 Ds SFF van der Walt (Queenstown/Dordrecht)